e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

9 Oktober 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 31

## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad


Die basisdokument vir hierdie *e-Hervormer* is die Kerknuusberigte wat op 7 Oktober 2008 uitgereik is deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

## VOORBLAD

### Effektiewer jaarverslae, beter kommunikasie

**Ds David Barnard het in opdrag van die Raad vir SENTIK op Woensdag 8 Oktober 'n vergadering byeengeroep van verteenwoordigers van al die kerklike rade. Die doel was om aandag te gee aan die vorm van die verslagvorms wat in die Hervormde Kerk gebruik word.**

Die vergadering het 'n aanbeveling gemaak dat die jaarverslae in die toekoms nie meer die werk van die gemeentes in verskillende verslae sal verdeel nie (byvoorbeeld Erediens, Ekumene, Apostolaat), maar dat gemeentes eerder versoek sal word om jaarliks een verslag oor al hulle werksaamhede aan die Ringskommissie voor te lê. Gemeentes moet daarin oor drie sake verslag lewer: statistieke oor die samestelling van die gemeente, die gemeente se finansies en begrotingsprojeksies, en die gemeente se bedieningsplan. Drr Christo van der Merwe en Wim Dreyer sal 'n raamwerk vir so 'n verslagvorm opstel en aan die Raad vir SENTIK stuur.

Ringsvergaderings bespreek dan agtereenvolgens die posisie van elke gemeente. So word daar beter voorsiening gemaak vir die verskille tussen gemeentes, en kan die probleme en risiko's in 'n bepaalde gemeente vinniger en meer effektief onder die loep geneem word. Gemeentes kan by mekaar leer, en toenemend ruimte maak vir spesialisasie op verskillende terreine.

Die vergadering se aanbeveling sal op die Raad vir SENTIK se vergadering van 27 Oktober bespreek word, waarna 'n aanbeveling aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) gemaak sal word.

Die vergadering het op versoek van die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, ook gedagtes gewissel oor kommunikasie en die identiteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die Kommissie van die AKV sal versoek word om toestemming te verleen vir gereelde byeenkomste waar hierdie sake bespreek kan word. Lidmate en ampsdraers van die Kerk word intussen versoek om kommentaar te lewer op die visie en missie van die Kerk soos dit op ons webblad verwoord is (www.nhk.co.za). Kommentaar kan aan dr Van Wyk gestuur word by wouter@nhk.co.za.

## Kontakbesonderhede:

**Webwerwe/-skakels:**
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
*Hervormer* webwerf - www.hervormer.co.za
*e-Hervormer* - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

## E-posadresse:

**Redaksie -**
epos@hervormer.co.za
**Nuus en berigte -**
nuus@hervormer.co.za

## Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*.
Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

## Teken in op *e-Hervormer*

Teken in *op e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

## BEROEPE EN STANDPLASE

### Beroep aanvaar

**Ds FJ Redelinghuys** van Piet Retief/Amsterdam (deelversorging) na Oos-Londen (deeltyds)

### Behoud van ampsvoorreg

Beroepafwagtende predikante moet voor 31 Oktober jaarliks aansoek doen by die Kommissie van die AKV vir die behoud van hulle ampsvoorreg en, waar van toepassing, vir preekvergunning.

### Vakante standplase

Besoek asseblief die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za vir volledige inligting oor beskikbare vakatures.

### Vakante standplaas: Gemeente Kampersrus

Gemeente Kampersrus in Hoedspruit se **voltydse standplaas** is vakant. Die gemeente is besig om 'n groslys saam te stel en sal teen einde Oktober beroep. Gelegitimeerde predikante van die Hervormde Kerk wat 'n beroep na hierdie gemeente sou oorweeg, word genooi om hulle name, kontakinligting en besonderhede van hulle bedieningservaring voor **Woensdag 15 Oktober 2008** aan die skriba van die gemeente, oudl Chris Joubert, deur te gee: tel 083 289 0629; e-posadres cjjdagbreek@gmail.com.

### Vakante standplaas: Kombinasie Witbank/Witbank-Noord

Die kombinasie Witbank/Witbank-Noord wag aansoeke in van predikante van die Kerk om die **voltydse standplaas** te vul. Die aansoeke sluit op **Donderdag 30 Oktober 2008**. Aansoeke moet gerig word aan die Kombinasiekomitee by faksnommer 013 650 0985 of per e-pos aan Sandra.nhk@web4us.co.za.

### Vakante standplaas: Gemeente Strand

Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die Hervormde Kerk word ingewag vir die vul van Gemeente Strand se **volversorgde standplaas** wat op 23 November 2008 vakant raak. Kandidate op die kortlys mag genooi word om op koste van die gemeente daar te gaan preek en 'n onderhoud met die kerkraad te voer. Die kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Om aansoek te doen, moet 'n volledige CV met verwysings teen **Vrydag 31 Oktober 2008** gestuur word aan die skriba van die gemeente, by Posbus 417, Strand 3139, of per e-pos na johanjaco@mweb.co.za. Navrae kan ook aan die skriba, oudl J Botha, gerig word by telnr 021 851 6351.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Jan Wilson** van Gemeente Klerksdorp-Suid se **vrou, Henriëtta,** is op 3 Oktober oorlede. Sy was 52 jaar oud. Sy word op Vrydag 10 Oktober om 10:30 vanuit die gemeente se kerkgebou begrawe. Ds Wilson sal self die begrafnis waarneem. Die Kerk se voorbidding word vir die Wilson-gesin gevra.

- **Mev Tienie Stoltz,** eggenote van emerituspredikant **ds Dirk Stoltz** en moeder van **ds Gerhard Stoltz**, het op 1 Oktober 'n operasie ondergaan nadat kanker by haar ontdek is. 'n Spoedige en volkome herstel word mev Stoltz toegebid.

- **Ds Hennie Botha**, emerituspredikant, het op 5 Oktober 'n hartaanval gehad. Dit gaan onder omstandighede beter met hom. Hy word ook 'n spoedige herstel toegebid.

- **Ds André Swanepoel** lewer op 12 Oktober sy intreepreek in **Gemeente Vanderbijlpark-Suid.** Hy is beroep in die plek van ds Johnny Young wat na Rustenburg-Tuine vertrek het.

- **Ds Tinus Swart** behartig hospitaalbesoeke aan Hervormde lidmate in Bloemfontein. Lidmate en hul familielede van buite die gebied wat in die hospitaal besoek wil word, kan hom skakel by 083 686 2568 / 051 522 2616.

- Dr Fanie Pretorius besoek eerskomende naweek die lidmate in **Bulawayo** en neem kosvoorrade en medikasie saam. Lidmate van die NG gemeente Nigel vergesel hom. Hulle sal besoek aflê by die NG lidmate in Bulawayo en ook fondse insamel vir die gemeente.

- Lidmate in die **Harare-omgewing** hou op Saterdag 8 November 'n gemeentedag op die plaas van André en Kikie van der Merwe. Daar is nog net twee gesinne wat op plase woon. Lidmate sal aangery word na die geleentheid wat tot laatmiddag sal duur. Oudl Rinus Graü tref die reëlings saam met oudl André van der Merwe. Gemeente Middelburg-Noord borg die gemeentedag. Ds Collin Hertzog (foto regs) sal saam met lidmate van sy gemeente die dag bywoon. Dr Fanie Pretorius en moontlik ds Dries Beukes sal ook die besoek meemaak. Sondag 9 November lei ds Hertzog die Nagmaalerediens. Sondagaand word Nagmaal bedien aan die enkele gesinne in die Laeveld. Gemeente Middelburg-Noord beplan ook om die gemeentelike spens vol te maak.

- Benewens die versorging van mense in Zimbabwe, word tans ook aandag gegee aan die verspreiding van Bybels. Daar is 'n groot honger onder die swart bevolking na Bybels. Enige gemeente wat Engelse Bybels wil skenk, is hartlik welkom.

- Bydraes vir die aankoop van die pastorie te **Nkana in Zambië** word steeds van gemeentes ontvang. Die ringsvergaderings en gemeentes wat reeds besluit het om bydraes te lewer, word versoek om dit asseblief so gou moontlik oor te betaal. Ds Piet Rautenbach laat weet uit Nkana dat hulle met die basaar op 20 September 'n wins van ongeveer R200 000 gemaak het. Die gemeente wil graag prof Bieks Beukes (foto regs) bedank vir die reuse werk wat hy daar as brugpredikant gedoen het. Hy het die fondasie gelê waarop enige predikant sal kan voortbou.

- **Gemeente Theresapark** is op 23 Oktober 25 jaar oud. Die geleentheid word feestelik gevier op Sondag 26 Oktober met 'n Dankdiens om 10:30, gelei deur prof Theuns Dreyer, voorsitter van die AKV. Alle oudlidmate en ander belangstellendes word uitgenooi na die feesgeleentheid. Vir meer besonderhede kontak ds Fanie Naudé 012 542 1321 / 083 391 3151 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568.

## ANDER NUUS

- **Dr Christo Pretorius**, predikant van Gemeente Pretoria en voorsitter van die Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek, lê op Vrydag 10 Oktober kranse op die grafte van di AJ Begeman en MJ Goddefroy in die Heldeakker. Dit vorm deel van die Krugerdag-feesvieringe wat deur die Krugergenootskap gereël word.

- **Proff Theuns Dreyer** (foto links) en **Ernest van Eck** (foto regs) bied volgende week die VTT-kursus vir die Kaapse gemeentes aan op die plaas La Provence van ds Jakkals van Rensburg by Franschhoek. Die kursus word jaarliks in die Kaap aangebied en word gewoonlik 100% deur die predikante bygewoon. Dit kom voor asof die kursusse in streeksverband beter bygewoon word as die groter byeenkomste in Pretoria. Daar moet dalk oorweeg word om die jaarlikse Predikantevergadering ook streeksgewys aan te bied.

- Vergaderings oor die begrotings van rade, kommissies, ensovoorts vir 2009 vind plaas op **29 en 30 Oktober** en die **begrotingsdokumente** moet mnr Elmar Struwig, hoofrekenmeester van die Kerk, teen 10 Oktober bereik. Die Kommissie van die AKV moet die begroting goedkeur by sy vergadering in November.

- Die pryse vir die publikasies vir 2009 is soos volg:

| | |
|---|---|
| *Almanak en Bybelse Dagboek* | R90 |
| *Konteks* (10 uitgawes per jaar) | R110 |
| *Die Hervormer* (11 uitgawes) | R70 |

Bestellings moet geplaas word by mev Cecile Naudé van SENTIK, by tel 012 322 8885, faks 012 322 7906 of sentik@nhk.co.za. Gemeentes word vriendelik versoek om hul bestellings vir die *Almanak en Bybelse Dagboek* teen 15 Oktober te plaas, en dié vir *Konteks* en *Die Hervormer* teen 28 November.

## KOMMENTAAR

In die vorige uitgawe van die *e-Hervormer* is lesers genooi om kommentaar oor die nuusbrief aan die redaksie te stuur. Hierdie is twee van die opmerkings wat ontvang is.

- Ek dink dat hierdie 'n skitterende publikasie is. Ek sit elke week in afwagting vir die verskyning van die *e-Hervormer.* Dit is 'n ongelooflike maklike en doeltreffende kommunikasiekanaal en ek wil regtig vra dat dit so sal voortgaan. Ek het onlangs in 'n nuwe gemeente begin werk en van die ouderlinge in die gemeente versprei hierdie publikasie onder die lidmate in hul wyke, sodat almal op die hoogte is van dit wat in die NHK aan die gebeur is. Baie geluk met 'n besondere publikasie.

**Ds Dirk van Rooyen, Carletonville**

- Ek ontvang die *e-Hervormer* sedert die eerste uitgawe, en as gebore Hervormer beleef ek hierdie inligtingsmetode baie positief. Ek beleef ook meer betrokkenheid omdat ek meer 'vars' inligting het, in teenstelling met *Die Hervormer* en *Konteks*, waar dit as't ware 'ou' nuus is. Ek hou ook baie meer van die nuutste uitgawe (2 Oktober) se 'volblad' uitleg as van die vorige uitgawes se 'halfblad' uitleg, waar ek eers moet afrol en dan weer terugrol om die regterhelfte te lees.

**Terry ter Stege, Riebeeckstad**

- Indien u probleme ondervind om die *e-Hervormer* te lees, gaan na die Kerk se webblad by www.nhk.co.za → Publikasies → e-Hervormer → Laai Adobe Reader af.

## ADVERTENSIES

- **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** benodig 'n **voltydse orrelis.** Gewone orrelisteskale dien as vergoeding. Die sluitingsdatum vir aansoeke is einde Oktober. Tree asseblief in verbinding met ds André Ungerer by 018 468 5129 of 082 940 8201 indien u belangstel.

- **Gemeente Turffontein** het 'n vakature vir 'n **orrelis.** Die gemeente het nie aanddienste nie, dus moet die orrelis optree tydens oggenddienste, huwelikbevestigings en begrafnisse. Aansoeke met 'n volledige CV kan per e-pos gestuur word na loftusmans@myconnection.co.za. Skakel die skriba van die gemeente, Miemie Labuschagne, by 076 284 6099 indien u meer inligting benodig.

- **Eerstejaarstudente van Potchefstroom** word aanstaande jaar op 'n Eerstejaarskamp verwelkom deur ds Rudi Denton en sy vrou Terzi. Dit vind plaas vanaf 13 tot 16 Januarie 2009 by **Serube Sa Phakwe.** Meer besonderhede is na gemeentes van die Kerk gestuur en kerkrade word versoek om dit aan die jongmense bekend te maak. Ds Rudi Denton kan ook geskakel word by 018 294 3509 of 082 459 9710. Besprekings moet voor 6 Januarie 2009 geskied.

- **Gemeente Balfour** hou op Vrydag 10 Oktober 'n **gholfdag** om fondse in te samel vir die versorging van mense in Zimbabwe. Ds Johans van Tonder het al die reëlings saam met sy kerkraad behartig. Kontak hom by 017 773 0913 vir meer inligting.

- **Gemeente Vaalpark** hou op Vrydag 24 Oktober sy agtste jaarlikse **gholfdag** by Meyerton se gholfbaan. Inskrywings beloop R130 per speler. Dit is 'n IPS-spel en die eerste afslaan is vanaf 11:00. 'n Ligte aandete word na die prysuitdeling bedien. Die gemeente sal 60% van die geld wat geïn word, vir barmhartigheidswerk in die plaaslike gemeenskap bewillig. Om in te skryf, kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of per e-pos by danie.leroux@eskom.co.za, of Johann Hugo by 082 920 9455.

- Op Saterdag 25 Oktober hou **Gemeente Belfast** hul jaarlikse **gholfdag.** Alle belangstellendes moet asseblief skakel met Christelle du Toit (tel 083 737 4930) of Annemarie of Cecilia by die klub (tel 013 253 0981). Die gholfdag neem die vorm aan van 'n IPS-spel, en die koste is R150 per persoon. Dit sluit 'n ete in. Daar is goeie pryse te wen. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.

- **Gemeente Weltevreden** hou op Dinsdag 28 Oktober sy jaarlikse **gholfdag** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. R1 600 per vierbal – dit sluit in 'n gholfkarretjie, gholfhemp en 'n ete. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013.

- Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys **(TOIBO)** hou vanjaar hul tweede **gholfdag** by die Pretoria Buiteklub, op **Vrydag 7 November**. Die inskrywingsfooi is R400 per persoon. Die doel is om tekorte te beperk en behoeftige leerders te help. Enige bystand met die pryse sal ook waardeer word. Vir meer inligting, inskrywings of borgskappe, kontak Karin du Toit by 012 320 7644 of stuur 'n e-pos aan toibo@nhk.co.za.

- Die **NHSV** beskik oor **beurse/lenings** vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer daarvoor. Die lenings/beurse wissel van R500 tot 'n maksimum van R3 000. Aansoekvorms kan van die NHSV kantoor aangevra word: telefoonnommer 012 325 0117; e-posadres nhsvhoofbestuur@nhk.co.za. **Sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 November** jaarliks. Geen laat aansoeke word aanvaar nie. Vir verdere inligting, kontak asseblief die NHSV kantoor.

- **Oorwinningskinders** is 'n projek van die Algemene Diakensvergadering (ADV). Hierdie groep jong Hervormers hou konserte om fondse in te samel vir ander jong mense in nood. Verskeie konserte is al die afgelope twee jaar gehou. Tydens die afgelope Ondersteuningsraadkamp vir hoërskool-leerders het die groep 'n skitterende vertoning gelewer wat groot byval by die kinders en ook volwassenes gevind het. Optredes vind binnekort soos volg plaas:

  - Rustenburg-Kloof 19 Oktober. Kontak 014 549 1905 vir meer inligting.
  - Eendrachtkring 22 November. Kontak 014 533 1187.
  - Joachim Prinsloo 28 November. Kontak 072 356 6695.
  - Pretoria-Wes se Kersdiens 30 November. Kontak 082 259 4461.

  Vir ander optredes, kontak dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of mev Marita Fourie by 011 953 1402.

- **Nuut op die planke:** *Geskenk van God*, geskryf deur Heleen Kruger, met regie deur Pieter Schreiber. Delta C Toneel wil graag by gemeentes optree gedurende 2009. Daar is geen optredefooie nie – ons bediening is ons roeping. Delta C Toneel is 'n interkerklike organisasie wat hul beywer om mense in Christus te verander. Delta is die wiskundige funksie vir 'verandering in' en die C staan vir Christus. Kontak Pieter Schreiber by 082 332 4252, faks 086 693 8669, www.deltac.co.za of deltac@sawireless.co.za.

- **Soek u iemand om te sing maar almal is so duur?** Kontak ds Fanie Beukes van Gemeente Wesmoot by 073 167 1183. Hy kan by enige geleentheid help – 'n Damestee, 'n sangaand, Jubelfees, ensovoorts. Hy lewer 'n geestelike program of 'n meer informele program van byvoorbeeld die musiek van Elvis en Neil Diamond, en ligte Afrikaanse musiek. Kontak hom vroegtydig. Die koste is onderhandelbaar.

- **Pastorale beradingskursus: Die wisselwerking tussen liggaam, gees en emosies**
- **Pastorale beradingskursus: Hospitaalpastoraat**

  Hierdie twee kursusse word onderskeidelik op Saterdag 25 Oktober en Saterdag 22 November deur prof Wentzel Coetzer in Potchefstroom aangebied. Die koste beloop R140 per kursus (sluit sleutelnotas in). Daar is ook opsionele handleidings beskikbaar teen R120 elk. Navrae en bespreking: 083 660 0409, wentzelcoetzer@telkomsa.net (huis), wentzel.coetzer@nwu.ac.za (universiteit).

- Die **Pretoria Manskonvensie** is 'n interkerklike, Christelike konvensie vir mans. Op **Saterdag 18 Oktober** trek ons saam by die ouditorium van UP se Groenkloof-kampus om te leer hoe om afhanklik van die Here te leef. Die sprekers is leraars van die drie susterskerke. Koste beloop R120 per persoon (middagete en koffie/tee ingesluit). Bespreek by Computicket, en kry meer inligting by inligting@christenkonvensies.co.za.

## AGTERBLAD

Dit was 'n geskiedkundige moment toe die drie hoofde wat SENTIK sedert sy ontstaan gehad het, onlangs saam in Barton Keep gekuier het. Op die foto is dr Paul de Beer (1994-2004), dr Wian Kloppers (2004-2008), en dr Wouter van Wyk (2008-). Daar is goedig gespot dat ons nou in dr Van Wyk iemand het wat lank genoeg is om dr De Beer se naam voor hulle kantoor te verwyder!